## Verhouding tussen leser en skrywer

(Verwerking van Bosman, M. 1997. Die hoërskoolleerling as leser. Pretoria: RGN)

Letterkunde is 'n **kommunikasieproses**, waarin die leser 'n belangrike rol speel. Daarom is dit belangrik om in die onderrig van kreatiewe skryf ook te fokus op die respons van die leser op die teks.

'n Nuwe benadering tot die onderrig van letterkunde, is die **responsbenadering** (ook genoem die **Resepsie Estetika**). Die doel van hierdie benadering is om die leser se respons op of teenoor letterkunde te ontwikkel en te verfyn sodat hy/sy uiteindelik 'n teks selfstandig kan lees en met selfvertroue daarop kan reageer. Hierdie benadering het dus te doen met die **leeshouding** van die leser.

Die leser se respons word beïnvloed deur vooraf-kennis en ondervinding, omdat dit sy ervaring van die teks bepaal. Dit word die **verwagtingshorison** van die leser genoem. Een van die funksies van literatuur is om die leser se verwagtingshorison uit te brei, om lesers te laat losdraai uit hul eie isolasie.

In die bepaling van die respons van 'n leser op 'n teks, word daar gekonsentreer op die leser se **identifikasie** met die karakters, sy/haar projeksie in die situasie van die verhaal, 'n toepassing op sy/haar eie leefwêreld, die leser se lees as 'n objektiewe waarnemer en uiteindelik ook sy/haar evaluering van die teks.

**Elemente van die lees-ervaring wat die skrywer in gedagte kan hou:**

- Estetiese ervaring is die wisselwerking tussen tekskode en leser se verwagtingshorison.
- Daar is 'n implisiete en 'n werklike leser.
- Die werklike leser bring sy/haar kulturele, etiese, literêre verwagting/voorveronderstellings na die kreatiewe teks en "herskep" die geskrewe teks.
- Onbepaaldheid van teks is uitnodiging vir verbeelding van leser om gapings in te vul, lei tot interaksie.
- Die werklike leser se verbeelding maak dit moontlik om deel te hê aan behoeftes en aspirasies van karakters, hul konflikte en gevoelens te deel – op hierdie manier neem die leser deel aan die storie.
- 'n Leser kry nuwe insigte op emosionele en intellektuele wyse, ook deur die ontwikkeling van simpatie en empatie met ander.
- "Imaginative trial and error or experimentation" = leser maak keuses = dit lei tot self-ontdekking.
- Lees is 'n sosiaal-aanvaarbare uitlaatklep vir drifte en spanning, ontvlugting.
- Die werklike leser se etiese waardes ontwikkel omdat literatuur etiese probleme aanraak – reg en verkeerd, goed en boos.
- Literatuuronderrig kan leerders stimuleer om 'n besinnende benadering tot menslike gedrag te ontwikkel. Leerders maak dus kennis met 'n wye reeks waardes om 'n eie persoonlike lewensfilosofie op te bou.
- Die werklike leser se identiteitstema kom in verhouding en interaksie met die teks – "all stories transform die unconscious fantasy discoverable through psychoanalysis into the conscious meanings".
- Die subjektiewe betrokkenheid van leser a.g.v sy/haar identiteitstema en verdedigingsmeganismes dien as filter. Die leser gee sin aan teks deur eie fantasie en transformeer teks dmv interpretasie, hoër ego-funksies (interpretasie, literêre ervaring en sensitiwiteit).

4. Skrywers kan **oop en geslote tekste skep** om leser te laat deelneem aan die herskepping van die teks:

- Oop plekke van onvolledigheid, vaagheid, betekenisbreuke, "missing links";
- Skep spanning en laat leser deelneem;
- Ruimtes vir vertolking, interpretasie;
- Strategiese onderbrekings in teks.

©Dr. Estelle Kruger (2014) ekruger@sun.ac.za

**5. Maniere om konstruktiewe kommentaar (as individuele respons) te lewer**

5.1 Die leser se intellektuele betrokkenheid en voorspelling van gebeure

5.2 Die leser se identifikasie en assosiasie met karakters en gebeure

5.3 Die leser se inlewing van situasies en gebeure

5.4 Die leser se emosionele betrokkenheid by karakters en gebeure